DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

MAART 2018

VRYMOEDIG:

- NA GOD GAAN
- VERKONDIG
- VERHEERLIK

Die Waterdraer

ROEPING

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R 17-82
GROEPE (POS): R 26-00
INDIVIDU (POS): R 28-00
ELEKTRONIES: R10-37

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud

Maart 2018

Gereeld

3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat: GK Kameeldrift
5 Sodat my huis kan vol word

In-diepte

8 Vrymoedig om na God te gaan
10 Vrymoedig om Christus te verheerlik

Leefdinge

12 Ouma Anna oppie-tel
14 Teks & Vers: Vrymoedig
15 Teks & Vers: Dagboek
16 Boekeblad: Terreur in Kaboel
18 Bybelse berading: Dr. Trudie
20 Die Waterdraer
22 Geloofsvrymoedigheid
24 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by GK Kameeldrift
28 Resepteblad: Skuimkluitjies
29 Lees in April 2018
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Die mens, geskape verhoudingswese: Haar skoonmense
32 Kaleidoskoop Maart 2018

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR	Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR	Vakant
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG	Karien Brink
SEKRETARESSE	Marlette van Rooyen
WEBREDAKTEUR	Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE	Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:
Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za

Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:
• VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R196 per jaar
• ELEKTRONIESE INTEKENING: R114 per jaar
• VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R247 per jaar
• VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R308 per jaar
HIERDIE TARIEWE GELD VANAF 1 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE 2018.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)

Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander Publikasies van die Gksa:
• Die Kerkblad
• Die Slingervel (Laerskool-kinders)
• Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad en gesels oor vrymoedigheid. Het jy vrymoedigheid om tot God te bid? Het jy vrymoedigheid om siekes te besoek? Het jy die vrymoedigheid om erediens toe te gaan en saam met medegelowiges te gaan aanbid?

JAARGANG 72 NOMMER 9

VRYMOEDIG

— brief van die redakteur —

VROUEBLAD

VRYMOEDIG

"Hy (Christus) is ons Voorspraak by die Vader;*
deur Hom tree ons vrymoedig nader.
Hoe groot ons sondeskuld ook is,
volkome word dit uitgewis.
(eie invoeging ter wille van duidelikheid)*

Lied 428 vers 2 (eerste 4 reëls)

Geloofsvriendinne,

Van hierdie maand af gaan ons so 'n bietjie die letters van blad se titel "Vroueblad" op die voet af volg. Ons skop nou in Maartmaand af met die "V" in Vroueblad - daarom gesels ons saam oor Vrymoedigheid!

Hoeveel keer wóú jy al iets doen – daardie verandering van werk, die besoek aan 'n ernstige sieke, die bywoning van 'n nuwe Bybelstudiegroep – en dan het jy dit net nooit gedoen nie, met die rede: "Ek het nie die vrymoedigheid nie!"

En dan is daar ook dié van ons – dié groep by wie ek my skaar en waaroor ek my skuld bely – wat somtyds té vrymoedig is: praat te gou, doen te gou, dons te vinnig in 'n ding in. Té vrymoedig... dan wonder 'n mens wanneer word vrymoedig vrypostig?

Kom ons wees eerlik: ons bewonder mense wat vrymoedigheid neem om dinge te inisieer, dinge te doen, te laat gebeur. Elkeen van ons voel ook goed oor onsself as ons die vrymoedigheid het (of kry!) om iets nuuts aan te pak, daardie Bybelstudie te gaan bywoon, daar die siekebesoek te gaan doen. 'n Diepe gevoel van tevredenheid volg gewoonlik op die resultaat van jou vrymoedigheid.

Vrymoedigheid in verhoudings, soos in jou huwelik, met jou kinders, by jou werk, bevorder onderlinge gesindhede, help dat mense mekaar beter leer ken en verstaan.

Die dieptepunt van vrymoedigheid is die vrymoedigheid wat ons as gelowiges present gekry het sodat ons in 'n innige gemeenskapsverhouding met God kan staan. Vanweë die sonde het daar 'n breuk tussen God en die mens ontstaan – kom ons sê daar was nie meer vrymoedigheid van die mens se kant af om tot God te nader nie. Maar God het in sy groot genade sy Seun Jesus Christus gestuur om ons met Homself te versoen. Daarom, op grond van Jesus Christus se duur offer aan die kruis, het ons weer die vrymoedigheid om tot God te nader.

Wanneer hierdie vrymoedigheid in jou lewe in plek is, wanneer jy vrymoedig in jou verhouding met die Here is, werk dit soos suurdeeg deur na alle fasette van jou lewe en beïnvloed dit ook jou verhoudings met ander mense positief.

Gryp die vrymoedigheid wat Christus vir ons verwerf het, met albei hande aan en verheerlik God vrymoedig deur jou bestaan.

Groete in Christus

Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!


GAAN DAN HEEN ...
SODAT MY HUIS VOL KAN WORD
DEUR PROF. FLIP BUYS

Vrymoedig om die evangelie te verkondig

Waar die hart van vol is loop die mond van oor. Hierdie spreekwoord is so waar, ook van die manier waarop ons ons Christenskap uitleef.

Vanuit 'n vol hart

Na baie jare van akademiese studie en praktiese ondervinding van evangelisasie skryf Dr. Michael Green: "In 'n sekere sin kan die essensie van evangelisasie in een woord opgesom word, naamlik oorloop. Dit beskryf die optrede van iemand wat so vol is van vreugde, respek, aanbidding en verwondering oor die majesteit van God en sy verstommende genade en liefde dat die persoon soos 'n bad is wat tot oorlopens toe vol is" (my Afrikaanse vertaling uit *Evangelism through the Local Church. A Comprehensive Guide to all Aspects of Evangelism*).

Dis merkwaardig dat daar so dikwels van die vroeë Christene in die boek Handelinge geskryf is dat hulle – alhoewel eenvoudige mense – die evangelie met so 'n groot vrymoedigheid verkondig het dat selfs die geleerde owerhede verbaas was. Ons lees in Handelinge 4:13 dat die Joodse Raad verbaas was toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense (Hand. 4:13).

Jy hoor dikwels dat Christene vandag sê: "Dis nie vir ons moontlik om oor sommer so direk oor Jesus Christus en die evangelie te praat nie."

Die houding van die eerste Christene daarteenoor was: "Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie" (Hand. 4:20).

Die geheim van vrymoedige verkondiging

Dieselfde Petrus wat volgens die verhaal in Handelinge 4 so 'n vrymoedigheid gehad het, was minder as 'n jaar voor hierdie gebeure so 'n bangbroek dat hy Jesus drie maal verloën het. Ons lees in Matteus 26:69-74 dat hy nie eers teenoor twee meisietjies wou erken hy was deel van Jesus se volgelinge nie en toe 'n man vir hom sê: "Ons herken jou aan jou spraak," hy begin vloek en gesweer het: "Ek ken die man nie!"

Dan vra mens: Wat het intussen met hom gebeur?

Hy het 'n persoonlike ontmoeting met Jesus gehad waarvan ons in 1 Korintiërs 15:5 lees en moes ook volgens die beskrywing in Johannes 21:15-17 drie maal – selfs met trane – antwoord op die vraag van Jesus: "Het jy my regtig lief?" Wanneer iemand groei in sy liefde vir die Here groei so 'n persoon in vrymoedigheid.

Selfs mense wat vyandig teenoor Jesus was en soos besetenes die volgelinge van die Here met die dood gedreig het soos Paulus (Hand. 9:1), maar Jesus dan persoonlik ontmoet op sy pad na Damaskus, se hart word so radikaal verander dat hy op die grond lê en uitroep: "Wat moet ek doen, Here?" (Hand. 22:10).

Volle oortuiging

Die woord in die oorspronklike taal van die Bybel wat meestal met vrymoedigheid vertaal word, word ook met 'n sekere en vaste volle oortuiging of versekerdheid van insig vertaal.

In die Psalms word dikwels geskryf hoe mense met volle oortuiging van God se liefde nie kan stilbly nie, maar hoe dit uitborrel in 'n begeerte om daarvan te praat en vir ander mense daarvan te vertel. Hulle sê: "Kom luister... ek wil vertel wat Hy vir my gedoen het" (Ps. 66:16).

As iemand die Here intiem persoonlik ken, ontwikkel die begeerte spontaan by hulle om mense uit te nooi, met die woorde van Psalm 34:9: "Kom ondervind en sien self dat die Here goed is!"

Op die vraag waarom Paulus later met soveel vrymoedigheid en persoonlike opoffering die evangelie uitgedra het, was sy antwoord: "Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het" (2 Kor. 5:14).

Baie mense sal sê: "Sjoe, ek is darem skaam om so oor Jesus te praat." Maar Paulus sê: "Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo" (Rom. 1:16).

Vrymoedigheid, spontaneïteit en outentisiteit

Sulke vrymoedigheid en spontane gesprekke het oortuigingskrag.

Ons lees dikwels dat hoorders, ook vyandiggesinde hoorders, geraak word deur egte en opregte vrymoedigheid van gelowiges. Hoorders raak stom en verbaas wanneer daar so met vrymoedigheid en volle oortuiging van God se groot dade vertel word. Hulle besef dan die Christelike geloof – anders as alle ander gelowe – nie bloot 'n lewensfilosofie is of 'n stel lewensreëls of die blote formele navolg van tradisies nie.

Hulle moet erken die Christelike geloof is gebaseer of ware feitelike gebeure. Dit is waaragtig en dinamies.

Vervulling met die Heilige Gees

Wanneer gelowiges vervul word deur die Heilige Gees word hulle vrymoedig.

Eers na die uitstorting van die Heilige Gees en vervulling deur die Gees het Petrus se bangheid waarmee hy Jesus voorheen verloën het verander na oortuigende vrymoedigheid – vrymoedigheid wat ook by al die gelowiges voorgekom het (Hand. 2:4; 4:8, 31). Paulus moes eers met die Gees vervul word en toe kon hy met oortuiging oor Jesus praat in alle omstandighede (Hand. 9:17; 13:9). Daarom kon hy ook vir die Tessalonisense sê: "... die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging (ook vertaal met volle versekerdheid of vrymoedigheid; 1 Tess. 1:5).

Vrymoedigheid: 'n mengsel van brandende liefde en heilige ontsag

Soms dink mense vrymoedigheid is bloot 'n irrasionele emosionele *"high"*.

Dan word getuienis verwaand, ligsinnig en hooghartig en fokus op vermaak.

Ware vervulling met die Heilige Gees gaan egter gepaard met diep ootmoed en ontsag vir die Here en sagmoedigheid teenoor ander mense.

Ons lees in Handelinge 9:31 "... terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder (1933/53 vertaling).

Die begrip "vrees van die Here" beteken 'n mengsel van heilige eerbied en vurige liefde. Totius het dit goed verwoord in Psalm 119-1:60:

Tot U loop ek, op U hoop ek,
op U wette gee ek ag;
en ek hou wat U getuig het
vol van liefde en stil ontsag...

Daarom word dit so dikwels in die Psalms kinderlike vrees vir die Here genoem. Kinderlike vrees vir die Here is die regte soort vrymoedigheid wat 'n groot dryfkrag aan gelowiges gee om die evangelie uit te dra.

Kyk hoe duidelik staan dit in 2 Korintiërs 5:11: "Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig." Iemand wat die regte kinderlike vrees vir die Here ken, wat sidder voor die allesomvattende grootheid van God, en terselfdertyd met diep, diep dankbaarheid en vreugde vervul is sal met oortuiging die woorde van in Psalm 22:9 sing: ...laat wie God vrees uit altyd wyer kringe sy lof vertel. V

LIDMAATPRAAT

Lizanne Aucamp:
Om die evangelie met vrymoedigheid te verkondig moet jy deur die krag van die Heilige Gees Christus in woord en daad navolg daar waar jy elke dag leef, werk, praat en doen. As mamma, eggenote, werknemer en werkgewer kan jy dus bloot deur jou opgewondenheid en verwondering oor wat God al in jou lewe gedoen het en steeds elke dag doen, met die mense om jou die evangelieboodskap deel.

'n Kan vol water op 'n Maandagoggend

DEUR HANNATJIE VORSTER

Dis nie 'n blou Maandag nie, maar ek voel bietjie vaal. Die naweek was te besig. Die dubbelbed wat ek moet opmaak, is vandag 'n vreeslike werk. Die onbytskottelgoed 'n berg.

So teen halftien se kant lui die klokkie by die veiligheidshek. Dis "*Waterboy*" se afleweringswa. Die hek is nog net 'n klein entjie oop toe draf die jong man, skaars meer as 'n seun, met die 20 liter waterkan die paadjie op na die voordeur. Ons huis staan nogal diep in, maar dit lyk asof die kan veerlig is. Vrolik volg hy my na die kombuis.

Ek voel 'n bietjie ongemaklik, want die leë kan wat ek moet inruil se handvatsel is half afgebreek. Hoe en wanneer dit gebeur het, weet ek nie.

"Ag nee wat tannie dis niks, hierdie kanne is sommer swak kwaliteit," vee hy my bekommernis uit die pad.

Skielik onthou ek die eerste Maandag toe hy water gebring het. Ek het hom eers die Dinsdag verwag en het verleë gestaan omdat ek nie die kontant beskikbaar gehad het wat ek vir die maand moes betaal nie.

"Als reg tannie, ek is Donderdag weer in die buurt, dan sal ek dit sommer gou kom kry," was sy vriendelike aanbod.

So goed soos sy woord was hy Donderdag stiptelik voor my deur. Op 'n drafstap natuurlik!

My studentekleinseun laat hom by die voordeur uit. Of my kleinseun 'n geselsie wou aanknoop, weet ek nie, maar terwyl die jong man met die leë kan die trappies afdraf hoor ek hoe hy my kleinseun vriendelik toeroep: "Ek moet gaan. Ek het nog baie kanne om af te lewer!"

Laggend hang my kleinseun die voordeur sleutel op: "Sjoe Ouma," laat hy hoor, " 'n mens kan selfs van water aflewer 'n roeping maak."

Skielik is my Maandag weer liggroen soos gewoonlik. (Het jou dae ook kleure?). My eie stap is veerlig, die skoongewasde skottelgoed is maar een rakkie vol en my dubbelbed het skielik gekrimp tot normale grootte.